

ZUMA SOEK BLANKE BLOED

“Ek sien ’n klomp swartes halflyf uit die gras orent kom. Hulle is almal met gewere gewapen en die gewere is op my (die Boervolk) gerig.”

ONS LAND, ONS STEM

SA POSKANTOOR OP DIE KRYTVLOER

PARDYS VERLANGE

EN MEER...

**DIE
VAANDELDRAER**





INDEX

ZUMA SOEK BLANKE BLOED	3
ONS LAND, ONS STEM	5
PARADYS-VERLANGE	6
AANDELE	8
ESKOM	8
SECUNDA	9
STEENKOOL	10
SES MILJOEN?	11
SA POSKANTOOR OP DIE KRYTVLOER	12
PSALM 126	13
PROFESIEË OOR DIE DERDE WÊRELDOORLOG	14
VLOOIE	18
JULLE IS MY VOLK	18
VIR DIE EER VAN ONS VROUE EN KINDERS	22
ONS BABAS IN NOOD	22

Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

ZUMA SOEK BLANKE BLOED



Op 18 Mei 1919 het Siener 'n gesig gehad van drie siwwe in die Kaap wat bo-op mekaar lê, maar met klein oop ruimtes tussenin (die openinge dui op 'n tydsverloop). En toe die siwwe wegraak, sien hy weer “schoon koren in een zak.”

Daar is aanvanklik gemeen die “drie siwwe” beteken dat daar net drie verkiesing onder 'n swart regering sal wees, maar dit kan ook dui op drie swart verkose leiers.

Dat daar net drie swart leiers sou wees, word ook bevestig in 'n visioen van 11 Julie 1919 — “In die Noord Ooste is een vloer en toe kom daar een zif op die vloer (dit was die April 1994-verkiesing met Mandela as eerste swart president) en toe raak die kafferskoren se kaf weg.” (Die land se finansies en staatsbeheerde instansies begin in duie stort).



“Toe kom daar weer een zif op die vloer...” (’n Tweede verkiesing vind plaas (1999) met Mbeki as president).

In ’n gesig op 20 September 1921 verskyn die derde en laaste sif (met Zuma as leier): “Naar die Noorde is ’n zif zo ’n paar voet bokant die aarde is. Toe kom een gemetzelde stroom water van die Weste, maar die water is bruin...”

Volgens Siener was ’n “gemesselde stroom water” nog altyd goeie nuus vir ons; maar nou is die water bemors (bruin en vuil), wat dui op toenemende onrus, stakings, werkloosheid, kragonderbrekings en geweld.

Selfs die liberale Afrikaner het na die derde sif besef ’n politieke oorwinning is nou heeltemal buite sy bereik, en (net soos hy in die verlede gedoen het wanneer hy bedreig word), het hy weer die knie gebuig en hom geskaar by die een wat hom nog altyd vyandiggesind was: “...die water spat op mij veldskoene, ek staan langs die water.” Hoewel Siener self (die volk) langs die stroom staan, word net sy leiers (veldskoene) deur die bruin water besoedel en beteken hulle niks meer vir die volk nie.

Maar nou is diklyf Dingaen nog met ons; skree hy hel en paraffien oor Jan van Riebeeck, standbeelde, kolonialisme en spoor sy imipi’s aan om die blanke te slag. Gaan luister maar na sy toespraak op 27 April toe hy aan sy woede en haat teen ons uiting gegee het:

“Aalmal in die land is nou siek en sat vir wat apartheid aan die land gedoen het en wat steeds ervaar word ... die woede en geneigdheid tot geweld in die samelewing is ’n direkte resultaat van die ontmensliking van apartheid. Apartheid was ’n gewelddadige stelsel wat gewelddadige teenstand geskep het.”

Sonder om name te noem het Zuma die uitdagende houding van die EFF ook as ’n erfstuk van apartheid beskryf.

Hy het erken daar is ná 1994 nie genoeg gedoen om die kultuur van geweld wat apartheid gekweek het, te takel nie. M.a.w. blankes is nie genoeg gestraf (doodgemaak) vir die vloek van apartheid wat hulle op die swartes afgedwing het nie! En hy het sy toehoorders as ’t ware aangemoedig om dit nou te begin doen.

Op sy beurt het Malema daardie selfde dag in sy Vryheidstoepraak in Durban gesê: “wit grondeienaars se dae is getel. Ons wil ons hulpbronne en ons land terughê.” Later het die voorsitter van die EFF, ene adv. Dali Mpofu, hom by Malema aangesluit deur te eis dat “Die Stem moet verdwyn!”

Die skare het hierna Oom Kosie wat ’n lêplek soek in Afrika, geloof, en genadiglik Die Stem-gedeelte weggelaat. Maar op hierdie oomblik staan ons reeds letterlik met die rug teen die muur, lê tussen ons en die veilige beskutting van Bloedrivier se Tweede Laer die stikdonker angsnag van Bloukrans, Moordspruit en Weenen.

En in Dingaen se kraal tamboer die assegaaihoue ritmies op die skilde, dreun die voetgestamp terwyl hulle die kring al nouer en nouer om ons trek. Vasgekeer en ontwapen kan ons net sit en luister, met nêrens in ’n hand die Woord van Vertrouwing in sig nie.

Ons groot ellende en verdrukking onder hierdie derde swart leier, het Siener van Rensburg in ’n visioen net na afloop van die 2de Vryheidsoorlog voor sien afspeel:

“Ons gaan weer moeilikheid hê met die kaffers. (In die verre toekoms). Want ek het jare gelede, kort na die Driejarige Oorlog, ’n klein kaffertjie halflyf sien verrys uit die aarde, en gister het ek weer ’n visioen gehad. Ek sien dat die kaffertjie gegroei het

tot 'n groot kaffer wat heeltemal uit die aarde te voorskyn kom, en bokant sy kop 'n asgaai uitstoot. Dis vér vorentoe, want ek sien dat hy agter 'n newel verdwyn. Maar voor dié tyd het ek ook 'n donkerte oor die land sien neerdaal. (Onrus, stakings, kragonderbrekings, geweld, bloedvergiëting, verkragting, moord, ens.) My advies is: veg, al veg julle ook met jul rug teen die muur!”

In Desember 1916 het 'n engel aan Johanna Brandt gesê om die swartes in Suid-Afrika te waarsku dat hulle nie met die blankes se sake moet inmeng deur hulle te veronreg nie, want as dit gebeur, sal God self met hulle afreken:

“Hulle mag geen hand hê in die verdrukking en swaarkry nie, hulle mag nie ou griewe reg stel nie. Dit maak nie saak wat hulle griewe is nie, dit maak nie saak hoe geregverdig hulle ontevredenheid is nie, want as hulle inmeng, sal hulle vernietig word!”

Siener het hulle “uiteinde” weer só beskryf:

“Ek sien 'n klomp swartes halflyf uit die gras orent kom. Hulle is almal met gewere wapen en die gewere is op my (die Boervolk) gerig. Net toe ek dink hulle gaan my skiet, verskyn 'n man se voorarm en sy hand klap die geweerloop weg, toe draai hulle skielik om na die anderkant toe waar ander swartes hardloop — en dan begin hulle op mekaar te skiet ... dan sien ek hulle agter 'n newel verdwyn.”

Eers nadat hierdie swart leier ook finaal agter die newel verdwyn het, sien hy kom daar weer skoon koring in die sak. Dit dui op die herstel van die land en 'n terugkeer na die ou paaie en dae van die Boererepublieke.

ONS LAND, ONS STEM

Waarom word ons herhaaldelik in die Woord ge-waarsku en as 't ware opdrag gegee om in tye van benoudheid of gevaar die stede te verlaat? Dink maar aan die engel wat aan Lot gesê het: “Vlug vir jou lewe! ... Vlug na die gebergte, dat jy nie omkom nie!” En na die geboorte van die Messias in Betlehem verskyn 'n engel aan Josef en sê: “Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê...”

Die engel is mos magtig —kon hy dan nie daar voor Josef-hulle se huis waggestaan en die Kindjie met sy swaard wat flikker en vlam beskerm het nie? Hy kon mos! Hoekom dan die opdrag om te vlug?

En is dit vandag nog nodig? Is dit nodig om ons gerieflike woning in die stad te verlaat om in die bergklowe te gaan skuiling soek? Ons het mos ver-sekering, elektroniese kameras wat elke beweging dophou, alarmstelsels om ons betyds te waarsku as daar gevaar dreig, en wat van die elektriese heinings, veiligheidshekke, diefwering, kluipe waarin ons geld, waardevolle edelgesteentes en allerlei kosbare besittings toegesluit is? En ons is mos ook gewapen. Waarom dan vlug?

Sou dit nog nodig wees as die volk eensgesind was en eendragtig kon saamstaan? Hoe lank dan nog voordat Siener se twee houte weer saamgevoeg word en die kloof tussen Boer en Boer toeval?

Op Werkersdag (1 Mei 2015) in Groblersdal het ons waarskynlik al die eerste tekens gesien van Siener en Esegïel se twee houte wat saamgevoeg word. Die blanke inwoners het daardie dag spontaan besluit om ook hulle beskeie deeltjie te doen, maar heeltemal anders as die barbaar en ook heeltemal apart, afgeskei van sy makietie.



Blanke oues van dae, pa's, ma's en kinders, het stilstil die oggend na die plaaslike sakekamer beweeg om daar in groot getalle bymekaar te kom. Hulle was egter nie daar ter wille van die arbeider nie, ook nie om hom en sy kamerade te vereer, op te wysel of gedienstig voor hulle te buig nie; hulle was ook nie daar om na lang, opruiende toesprake te luister nie, nog minder om aapspronge uit te voer en gebalde vuiste en knopkieries rond te swaai.

Hulle was daar om onder die blou van hul hemel en uit die diepte van hul hart ere aan hul God te bring, en om op hul vaderland se roepstem te antwoord, te belowe dat hulle wéér (soos lank gelede) sal offer wat Hy vra. En dit het hulle ook — soos lank gelede — sonder vrees, sonder skaamte daardie oggend, uit volle bors gedoen met die sing van Die Stem!

Dit was asof die res van die dorp vir dié paar aan-doenlike minute stilgeraak en net geluister het. Die lied het golf op golf soos 'n salwing oor die skare opgestyg, oor die parkeerarea, die teerstrate, die beton- en glasstrukture, en weggesweef oor die wit velde vol katoenklosse — tot aan die vaalgroen hange van Tafelkop.

Lank nadat die laaste note weggesterf het, het van die ouer garde nog bewoë bly staan, bewoë 'n traan afgevee.

Want in hul dorp se geskiedenis is so 'n spontane, aangrypende gebeurtenis nog nooit beleef nie, nog nooit aan gedink nie! En vir baie was dit die eerste teken dat die Volk besig is om uit sy diepe slaap wakker te skrik, besig is om homself te vind, om wéér te weet wíé hy is, wáár sy bestemming lê en om opnuut na sy eie Godegewe waardes terug te keer.

Nêrens was daar in die nabyheid van die samesyners 'n swart gesig te sien nie — nêrens is daar 'n piepge-luid van hulle kant gehoor nie.

En anders as hierdie heiden van die veld, het die koorsangers daarna stemmig omgedraai en weer die kompleks verlaat — stil en rustig soos beskaafde, opgevoede blankes al eeue lank gewoon is om te doen. Die sakesentrum het hulle skoon en netjies agtergelaat — skoon en netjies soos hulle dit gekry het.

En op pad huis toe het geeneen van hulle getoi-toi nie, geeneen rondgehardloop, luidrugtig geraas of geskreeu nie. Geeneen het klippe gegooi nie, geeneen motors of winkels beskadig of geplunder nie — want:

Spr 16:17 (Aan hulle, sy kinders, het Hy gesê): “Die gemaakte pad van die opregtes is om van die kwaad af te wyk; hy wat op sy wandel ag gee, bewaar sy lewe.” — maar:

Spr 1:11, 13 (Die heiden van die veld sê): “Gaan saam met ons, laat ons loer op bloed, laat ons die onskuldige voorlê sonder oorsaak ... allerhande kosbare goed sal ons vind, ons huise sal ons vol maak met buit...” — maar:

Eseg 36:35 (Die volk het gejuig): “Hierdie land wat verwoes was, het (weer) geword soos die tuin van Eden...”

PARADYS-VERLANGE

Die herinnering aan 'n paradys (die Tuin van Eden) lê opgesluit in Adam se gene. Daarom kan hy dit nie vergeet nie en hunker hy steeds daarna – na die waterstrome waar rus is, na groen weivelde, geurige blomvlaktes, die heerlike vrugte en die ruim skadu's van koelgebome; en bowe-al verlang hy om weer met sy Skepper in die ligte aandbriesie deur die Tuin te wandel.



(Uittreksel uit Die Verborgte Skat*): “Maar vanaf die dag dat hy daaruit verdryf is, poog hy naarstiglik om deur die bloed, sweet en tranen van elke nuwe geslag vir homself hier op aarde weer ‘n stukkie paradys uit te kerf. Hy veg dus nie net teen sy eie sondige natuur nie, maar ook teen sy Skepper. En so is sy siel gevang tussen Mammon en sy verlange om terug te keer na Eden. Hy sal nooit in ‘n stad kan aard nie”, want:

Die eerste stadbouers was Kain en Nimrod — ‘n moodenaar en gewelddenaar. Nimrod het vier stede gebou — Babel, Ereg, Akkad en Kalne almal in die land Sínear.

Elke stad op aarde is vandag ‘n weerspieëling van Kain en Nimrod se inherente boosheid en karakter. Die broeiplek van elke denkbare goddeloosheid, onheil en gruwel.

Ons lees nêrens dat Set, Noag, Moses, Abraham, Isak of selfs Jakob vir hulle stede gebou het nie. Hulle het as “boere” die grond bewerk en groot veekuddes besit.

Die eerste ding wat Noag gedoen het nadat die ark se deur vir hom oopgemaak is, was nie om ‘n stad te bou nie, maar om ‘n wingerd aan te lê. In die apokriewe boeke lees ons dat hy en die Setiete vóór die Vloed ver buite die Sumeriese koning, Siusudra, se stad, Sjoeroeppek, op die dorre kalkkrante ‘n sukses-bestaan moes maak.

Sjoeroeppek was dan ook ‘n spieëlbeeld van wat ons vandag dwarsoor die wêreld in die groot stede en dorpe sien: almal is in Mammon se valstrik vasgevang — in die nimmereindigende lawaai en heen en weer gejaag, soek hulle na ontvlugting, ‘n verposing wat daar nie is nie; soek hulle na rus en vrede wat nie daar is nie. Daarom verbeel hulle hul dis te vinde in die flitsende ligte van nagklubs met sy gedruis van voetgestamp en stemme, sy kakofoniese gedonder van musiek waarop lywe ritmies wieg en mekaar stoot en stamp. Hulle soek dit in die bordele, die

dobbelhuise, op die dansbane, op partjies, op die wedrenbane, op die sportvelde en laastens in hulle stywe bankrekenings, min wetend dis die voetboei waarmee Mammon hulle aan sy ryk geketting het.

Is dit waarom geregtigheid, eer, trou, kuisheid, medelye en liefde uit die stede gevlug het? Is dit waarom die Vader van die Tuin van Eden sê Hy gaan in die laaste dae van elke stad ‘n puinhoop maak en dit verbrand?

Is dit daarom dat selfs die Messias ons aangeraai het om uit die stede na die berge te vlug wanneer onheil, verskrikking en die dood dreig?

Selfs ons eie profeet, Siener, het gesê hy sien duisende gelowiges uit die stede van oor die hele wêreld na Suid-Afrika vlug om hier in tente te kom woon, want ons Karoo-vlaktes sal die veiligste plek op aarde wees. Toe iemand hom vra waarom hulle nie in ons stede kan kom woon nie, was sy antwoord: die stede sal verwoes wees (puinhope), want daar sal geen krag, water of kos wees nie.

Johanna Brand het ons grootste stad, Johannesburg, uitgesonder as die plek waar die ergste geweld gaan plaasvind en dat duisende gaan sterf in daardie Egiptiese nag wat oor die goudstad sal toesak.

En waar anders as in die stad, gee die nakomelinge van Kain en Nimrod vandag uiting aan sy drang om te steel, te plunder, te verwoes en dood te maak?

En wanneer die dag van oordeel aanbreek, is dit die laaste plek waar Adam se nasaat moet wees. Sy Maker het hom uitdruklik gewaarsku: “...volgens die getal van jou stede is jou gode, o Juda! ... jou stede sal verwoes word, sonder inwoners ... Ek sal jou stede ‘n puinhoop maak, en jy self sal ‘n wildernis word ... Ewige wildernisse sal Ek jou maak, en jou stede sal nie bewoon word nie ... En Ek sal uit jou midde uitruk jou heilige boomstamme en jou stede verwoes ... en hulle het die stede verlaat en gevlug ... Julle land is ‘n



wildernis, julle stede is met vuur verbrand ... Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis ... In dié dag sal die stede wat sy toevlug was, wees soos die bouvalle van die bos ... En hulle (die kinders van Kain en Nimrod) sal jou oes en jou brood opeet, hulle sal jou seuns en jou dogters opeet, hulle sal jou kleinvee en jou beeste opeet, hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom opeet, hulle sal jou versterkte stede waarop jy vertrou, met die swaard verwoes ... Daar kom dit, en wel 'n groot geraas uit die Noordland, om die stede van Juda 'n woesteny te maak, 'n lêplek van jakkalse..."

Maar aan die einde van die dae wanneer sy volk weer tot Hom teruggekeer het, kom hierdie trooswoorde:

"In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregtighede ... sal hulle sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden..."

Hy sal ons dan weer in die aandwindjie besoek; ons sal langs waterstrome rus vind, in die groen weivelde en geurige blomvlaktes vertoef, die helende vrugte proe en onder die ruim skadu's van koeldebome saam met ons naaste kan vertoef.

My geliefde volksgenoot, sê dit dan nie vir ons Kain en Nimrod se skeppinge is nie vir 'n Eden-kind bedoel nie?!

(*Die Verborgte Skat sal binnekort beskikbaar wees by Vaandel Uitgewers.)

AANDELE

Die aandelemark is gereed vir 'n groot ineenstorting. Oor die afgelope vyf jaar het ons die langste en meer vrygewige bulmark in die geskiedenis beleef. Maar

sulke markte hou nie vir ewig nie en hierdie een het omtrent so ver geloop as wat moontlik is.

VSA aandele se waarde word min of meer 80% oorskat en sedert 1802, toe data vir die eerste keer opgespoor kon word, was aandele slegs 5 keer meer as 50% bo die werklike waarde geëvalueer. Dit was in 1853, 1906, 1929, 1969 en 1999.

Elkeen van daardie jare is ook gekenmerk deur 'n massiewe aandelemark-borrel. En slegs twee van daardie borrels, 1929 en 1999, was groter as vandag s'n. Dus, moet ons ons nie deur sogenaamde "kenners" of ekonome laat bluf nie. Hulle sal ons nie betyd waarsku nie, want dan sal hulle skade ly, en dit mag nie gebeur nie.

Ons staan voor die doodloopstraat van hierdie bulmark. Sy borrel móét bars! Maar u weet dit nou...

ESKOM

**Eskom the
only business
that pleads
with you not
to use their
product**

Onderstaande inligting is van werkers by Eskom, asook ander persone in die kragopwekkingsbedryf ontvang. Omdat die bekendmaking van die gegewings sekere persone se werksposisie kan benadeel,



verstrek ons geen name nie. Ons is dankbaar vir hul samewerking wat ons in staat stel om hierdie belangrike inligting aan ons mede volksgenote oor te dra.

Eerste bron – ingenieur: Ek is in die elektriese ingenieursafdeling werksaam. Die volgende belangrike punte moet in ag geneem word.

Water: Ons moet onthou dat net die ketel (boiler) van n sogenaamde “six pack”-stasie ongeveer 800 KL water hou, dit is egter net ‘n druppel in die emmer van die totale stelsel. Vermenigvuldig dit nou met die aantal ketels en stasies en dit is astronomies. Die water kom van ons damme en moet stasie toe gepomp word. Sou ‘n eenheid uitskop en langer as 3 dae staan, moet die ketel gedreineer en geïnspekteer word om die skade te bepaal. Dus, indien ons ‘n “blackout” het, sal die water binne 3 dae uitgetap en weer teruggepomp moet word na die Eskomdamme. Die vraag is: wat is die kans om die eenheid te dreineer en die water terug te pomp as daar nie krag is nie?

Koper: Dit is die grootste probleem van almal. Sou ons ‘n algehele verdonkering hê, of net gedeeltelik, soos byvoorbeeld die dorpe wat nie betaal nie, dan sal die barbaar beslis die substasies plunder vir die koper. Daar is dus weinig kans dat die stelsel weer in werking sal kom.

Hergroepering van personeel: In dié tyd sal daar geen brandstof wees nie, en ook geen selfoon opvangs nie. Die bystandbatterie by selfoontorings sal baie gou oorlaai word en uitskop. Wat van die veiligheid van die personeel en hul gades? Ekself sal beslis nie teruggaan werk toe indien my huis nie beveilig word nie.

Die minimum tyd om weer krag op te wek, is ten minste 90 dae. Ek will darem net byvoeg dat die synchronisasie nie so ‘n probleem is nie, aangesien die kragopwekker tot op 3 000 rpm geneem word om

die 50 Hz te bereik en dan is dit net ‘n kwessie van fasering, maw rooi fase op rooi fase en dan word die breker net toegemaak om op die netwerk te kom.

Daar is ook nog baie ander kleiner tegniese probleme wat sal voorkom tydens so ‘n “blackout”, maar ek dink die grootstes is klaar bespreek.

My gebed is dat hierdie volk van ons sal wakker skrik en besef dat God ‘n Raadsplan met ons het en AL wat ons moet doen is om terug te keer in aanbidding!

Fase 4 – Suid-Afrikaners gaan binnekort die eerste keer nóg fase 4-beurtkrag ervaar nadat Eskom bevestig het dat hy sy toewysing van beurtkrag gaan verander.

Op die oomblik word beurtkrag verdeel in fase 1, wanneer 1 000 MW van die netwerk gesny word, fase 2, wanneer 2 000 MW gesny word, en fase 3, wanneer tot 4 000 MW gesny kan word.

Eskom het egter nog selde daarna verwys dat fase 3 in werklikheid twee vlakke het, 3a (3 000 MW) en 3b (4 000 MW).

“Ons is van plan om fase 3 te verander na tot en met 3 000 MW, en fase 4 sal dan tot en met 4 000 MW wees,” het ‘n Eskom-woordvoerder gesê. “Die presiese datum is nog nie bevestig nie. Maar dit sal in die nabye toekoms wees.”

SECUNDA

Tweede bron: Die onderstaande inligting het ons van ‘n ingenieur op Secunda ontvang. Hy skryf: Die Secunda-aanleg gebruik omtrent 1300 MW in totaal, waarvan Eskom gewoonlik 600 - 700 MW voorsien.

Van die interne kragopwekking is net so 400 MW van stoom afkomstig. Sasol se eie stoomketels is ook

maar in 'n swak toestand a.g.v. onnodige besparing in die verlede – jingo-bestuurders met kortsigtige winsbejag het die stoomketels lamgelê. Die res (200 MW) is afkomstig van gasturbines wat gas uit Mosambiek gebruik.

Die strategiese steenkoolhope het ook net aan 'n paar dae se behoeftes voorsien. Verder gebruik al die myne en vervoerbande natuurlik ook krag, en sal saam met Eskom gaan staan.

Enorme hoeveelhede water moet ook konstant die aanleg se interne water-siklusse aanvul, alles natuurlik met elektriese pompstasies.

Brandstof moet aanhoudend uitgedomp word (Petronet gebruik ook krag), en ons kan net dink wat gaan met die padvervoerstelsel gebeur wat ander produkte en grondstowwe moet karwei. Elke vragmotor sal swaar gewapende begeleiding benodig.

Daar is nog baie, baie meer probleme as wat ek kan poog om te beskryf, maar die kort en lank is dat as Eskom se krag na die Secunda-aanleg afskakel, sal die aanleg, as ons gelukkig is, nog slegs enkele dae in bedryf kan wees, maar teen 'n baie verlaagde kapasiteit.

So laat die mense asseblief mooi verstaan, die lewe sal nie rustig aangaan met 'n paar kerse en kragopwekkers nie...

STEENKOOL

Al ons groot kragstasie gebruik steenkool vir aandrywing. Anglo-America het tot dusver groot hoeveelhede steel aan Eskom verskaf, maar is onlangs deur die regering aangesê om as 'n BEE maatskappy te registreer (maw 51% aandeelhouders moet swart wees), anders sal Eskom nie meer steenkool van Anglo koop nie. Anglo het eenvoudig geweier en gesê dat hy voortaan sy steenkool gaan uitvoer.

En so struikel Swartkrag elke keer oor sy eie pote.

Maar voordat ons Anglo toejuig as 'n vriend omdat hy die swart regering nie in hierdie saak ter wille wil wees nie, dink terug aan September 1985 toe 'n groep sakelui, onder leiding van Gavin Relly van Anglo American in Lusaka met die verbanne ANC gaan praat het oor wat gedoen kan word om apartheid te beëindig. Hulle is deur o.a. Oliver Tambo, Mbeki, Hani en Pallo Jordan ontvang. Daarna het renegate soos Johan Heyns, oudmoderator van die NG Kerk se algemene sinode, in die geheim in 1988 ook met uitgeweke ANC leiers onder leiding van Thabo Mbeki gaan konkel en sommer ook terselfdertyd "bely" dat apartheid sonde is. Dit was die tweede kraak in die apartheidsmuur en skaars 5 jaar later het De Klerk dit finaal omgestoot.

Dis egter nie net SA wat struikel en strompel oor krag nie. Die hele Zimbabwe was Maandag, 27 April, in totale duisternis. Sy elektrisiteitsopwekking het tot 801 megawatt geval, minder as die helfte van sy piekaanvraag. 'n Sisteemversteuring het veroorsaak dat Hwange Thermal Power afgeskakel het. Daar word verwag dat die situasie erger kan raak soos wat dit ander kragopwekkers raak.

Die stasie is afgeskakel na die verlies van 'n transformator. Eenheid 1 is uit diens geneem na 'n brand op die BC2 brander en inspekteurs was besig om die skade te ondersoek. Eenheid 4 is uit diens geneem vir diens aan die LP voorste skag vibrasies, asook stoomketellekkasies en Eenheid 5 het afgeskakel as gevolg van swak vakuumproebe op 5 Februarie. Dit het gelei tot die verlies aan die hulpvoorraad aan Eenhede 2 en 3 wat in diens was. Of hulle die skade sal kan herstel, is 'n ope vraag, maar hulle is positief, want dit beteken werkskepping – hulle breek 'n ding en skep dan werk vir die herstel daarvan. Dis hoe 'n vleiskop werk.

SES MILJOEN?



Vir meer as 'n eeu is die Joodse Wêreldalmanak beskou as die mees betroubare bron vir die Joodse bevolkingsyfers. Akademici dwarsoor die wêreld, insluitende die redakteurs van Encyclopedia Britannica, het altyd staat gemaak op die akkuraatheid van daardie data.

Die ware feite oor die Jode se getalle volgens die Wêreldkalenders van 1933 en 1948 weerspreek die getal van 6 miljoen Joodse holocaust-slagoffers soos wat dit in die geskiedenisboeke en Hollywoodfieke verkondig word. Hierdie getuies lieg nie.

Volgens die Wêreldalmanak het die Joodse bevolking van die wêreld tussen 1933 en 1948 vermeerder van 15,315,00 na 15,753,00. Indien die Duitse regering onder Hitler – soos dit vertel word – ses miljoen Jode vermoor het, sou daardie verliese in die Joodse bevolking gewys het in die getalle in die Joodse Wêreldalmanak.

Die Internasionale Komitee van die Rooi Kruis het ook 'n drievolume-verslag vrygestel oor die aan-tygings wat teen die Hitler-regering gemaak word. Volgens die verslag wat in 1948 in Genève gepub-

liseer is, het 272,000 mense in die Duitsbeheerde konsentrasiekampe gesterf waarvan ongeveer die helfte Jode was.

Die Rooi Kruis is toegelaat om kospakkies na die hoofkonsentrasiekampe te versprei en vanaf Augustus 1943 en verder is hierdie vergunning ook uitgebrei na ander kampe en tronke.”.

Die verslag sê ook dat soveel as 9 000 pakkies daaglik gepak is en van die begin van die herfs van 1943 tot Mei 1945 is ongeveer 1 112 000 pakkies met 'n totale gewig van 4,500 ton weggestuur na konsentrasiekampe. Behalwe vir voedsel, het die pakkies ook klere en medisyne bevat. Die meeste ontvangers was Belge, Hollanders, Grieke, Italianers, Noorweërs, Pole en staatlose Jode.

Een van die belangrikste aspekte van die Rooi Kruis Verslag is dat dit die ware oorsaak van die sterftes wat beslis plaasgevind het teen die einde van die oorlog, opklaar. Die verslag sê: “In die chaotiese toestand van Duitsland na die inval gedurende die finale maande van die oorlog, het die kampe geen voedselvoorraad ontvang nie en hongersnood het 'n toenemende aantal lewes geëis.”

Die verslag sê voorts dat daar geen bewyse gevind is van doelbewuste uitwissing van Jode nie. In die 1,600 bladsyeverslag word gaskamers nie een keer genoem nie.

Joodse dokters was gebruik op die oostelike front om veg teen tifus en was dus nie beskikbaar in die kampe toe dit in 1945 daar uitbreek het nie. Die sogenaamde gaskamers was wasfasiliteite en hulle het aanbeveel dat van die installasies verbeter moes word – geen teken van gas nie.

Verdere interessante feite wat in die verslag genoem word, is dat daar hulp verleen is ook aan Jode in die vrye bevolking van Europa. Daar was in daardie sta-

dium 3 miljoen Jode in Europa waarvan slegs 'n geringe aantal in die kampe was. Hulle was vry, maar met sekere beperkings, as deel van die bevolking.

In Obersturmbannführer Rudolf Franz Ferdinand Höss se "memoirs" wat hy na langdurige marteling "geskryf" het, word gesê dat Eichmann besete was met sy veronderstelde "uitwissingsprogram" en elke Jood laat gryp het wat nog vry was. Daar steek egter geen waarheid in nie. Die emigrasie van Jode het voortgegaan dwarsdeur die oorlog en het plaasgevind deur Hongarye, Roemenië en Turkye.

Dis ironies dat na-oorlogse Joodse emigrasie uit Duits-geokkupeerde gebiede, ook vergemaklik is deur die Reich. Die verslag sê: "Die Jode uit Pole het permitte bekom om na die VSA te gaan, en terwyl hulle nog in Frankryk was, is hulle as Amerikaanse burgers beskou deur die Duitse besettingsmag. Duitsland het ongeveer 3,000 paspoorte uitgereik aan Jode by die konsulate van die Suid-Amerikaanse lande."

As toekomstige burgers, is hierdie Jode by die Vittel-kamp vir Amerikaanse vreemdelinge in die suide van Frankryk aangehou. Die emigrasie van Jode uit Hongarye in die besonder, het ongehinderd deur die Duitse owerhede dwarsdeur die oorlog plaasgevind.

Die verslag lees: "Jode wat die voorreg van 'n visum vir Palestina gehad het, was vry om Hongarye te verlaat. Selfs na die vervanging van die Horthy-regering in 1944 met 'n regering wat meer afhanklik van die Duitse regering was, het die emigrasie van Jode voortgeduur."

Op Internet is daar reeds 11 300 000 inskrywings wat die sogenaamde holocaust as vals en bedrogspul beskou. Maar dis nie al nie, ook as God se "uitverkore volk" kry Edom se telge nou 'n bloedbek! Want na die bloedige uitmoor van weerlose Palestyne oor jare in Gaza het, die Jood hom geopenbaar as die

drek en skuim van die aarde. Maar dis verdomp (askiestog) of die Duitsers dit wil besef en die haakneuse rond en stomp na Satan se gaskamers toe wil stuur!

SA POSKANTOOR OP DIE KRYT-VLOER, (BERIG DITSEMBLITS)

In verskeie opsigte blyk dit dat die SA Poskantoor finansieel plat is. In die eerste plek het SA Lugdiens hul kontrak met die poskantoor opgeskort vanweë hul lang uitstaande rekening by SAL, wat beteken dat die lewering van SA pos in die buiteland gestaak word. 'n Woordvoerder van SAL sê dat die diens herwat sal word sodra die Poskantoor hul rekening op datum kry, terwyl lg. op hul beurt sê die rekening word binne 'n dag of twee vereffen. Die SA Poskantoor is op 7 November 2014 reeds deur Minister van Telekommunikasie en Posdienste Siyabonga Cwele onder administrasie geplaas. Intussen sê 'n verskaffer, wat meer as R1 miljoen deur die Poskantoor geskuld word, dat die Poskantoor sy verskaffers nie sedert Oktober verlede jaar betaal het nie, as gevolg waarvan o.m. minstens ses kleinsakeverskaffers hul deure moes sluit. Voorts word berig dat die middel- en laerange personeel van die Poskantoor sukkel om hul salarisse op tyd te ontvang.

Ons kommentaar: Op 29 April berig RSG dat die poskantoor se bankrekening gesluit is. Die rede is blykbaar dat daar nie genoeg fondse is om die personeel se salarisse te betaal nie. Die gevolge ken ons al: meer stakings, chaos, plundery, brandstigting, ens. Maar die kans dat 'n posstuk nog sy bestemming sal bereik, is darem nog effe beter as dat Zuma die jagseisoen op Boere sal sluit!

PSALM 126

Psalm 126 is 'n bedevaartslied waarin Dawid praat van die lot van Sion wat verander word. Volgens navorsers en alle aanduidings is die Boervolk in Suid-Afrika die dogter van Sion waarvan die Bybel praat.

Siener het gesê dat alles hier gaan verander en dat ons voorspoedig gaan wees nadat ons ons land teruggekry het. Ons sal huil van blydskap omdat ons nie dieselfde lot gaan oorkom as die joiners en Engelse nie. Hy het ook gepraat van 'n wonderwerk waardeur ons bevry sal word. Dit is ook die belofte in die Bybel aan die dogter van Sion.

Daar is nog baie mense wat nie besef waarom hierdie ontsettende ding oor ons gaan kom nie. In Klaagliedere 1:6 sê Jeremia: "En van die dogter van Sion het gewyk al haar heerlikheid; haar vorste het geword soos takbokke wat geen weiveld vind nie en kragteloos heengegaan het voor die vervolger uit."

En in 2:13 vra Jeremia: "Waarmee sal ek jou gelykstel, dat ek jou kan troos, jonkvrou, dogter van Sion? Want jou verbrokenheid is so groot soos die see — wie kan jou gesond maak?"

Ons is 'n siek volk. Ons steek mekaar in die rug, ons bid eerder vir mense wat swaarkry as om te help, ons is liewer vir ons vyande as vir ons eie mense, ons leef en hoereer asof God nie bestaan nie en ons verdien die ellende waarin ons verkeer. Maar hierdie manier van leef sal nie vir ewig aanhou nie en die tyd van terugkeer na God is amper verby. Mense wat weier om terug te keer na God, gaan die verwoesting in sonder enige beskerming.

'n Man het 'n droom gehad waarin daar 1 miljoen mense in Johannesburg alleen vermoor word. Al was dit net 'n droom, ruk dit 'n mens om die werklikheid van die geweld wat gaan losbars te begryp.

Tydens sulke gebeure het ons bomenslike beskerming nodig en ons mense staan weerloos teen die komende aanslag.

Maar in Psalm 126 sê Dawid dat God die lot van Sion verander het. Hy praat in die verlede tyd asof dit 'n profesie is wat reeds bewaarheid is al moet dit nog kom. Hy sê dat die heidene sal sê dat God groot dinge ('n wonderwerk) vir hierdie mense gedoen het. Dit sal gebeur ná die geweld en emmer bloed wat omgeval het ... nadat meeste van die mense wat nou nog fuif en partytjie hou en glo dat niks sal gebeur nie, uit die volk verwyder is.

In vers 4 bid Dawid: "O Here, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland (Suid-Afrika)." Ons lot op die oomblik is veragting, verwerping, vyandigheid, vertrapping, ons is geormerk vir uitwissing en word deur ons vyande gehaat ... maar vers 5 sê: "Hy wat met trane saai, sal met gejubel maai."

Dawid het duisende jare gelede al geweet dat daar eendag 'n klein volkie aan die suidpunt van Afrika sal wees wat deur die heidene, joiners en vyande onder hulle eie mense vertrap en verag sou word. Hy het ook geweet dat daardie volkie vir God baie belangrik gaan wees en dat Hy daardie heidene, joiners en vyande onder ons gaan verwyder met die bloed-dorstige hulp van die barbaar vir wie hulle so lief is.

Jesaja 1:8 sê dat daar min van ons volk gaan oorbly en die profeet vergelyk dit met 'n skerpie in 'n wingerd, en met 'n slaapplekkie in 'n komkommer-tuin, soos 'n beleërde stad. Ons gaan 'n tyd van geweld en benoudheid tegemoet, maar God sien dit en weet dit en Hy gaan slegs dié beskerm wat Hy uitkies. Johanna Brandt was geskok oor hoeveel mense in Johannesburg vermoor gaan word. Sy het nie geweet dat daar eendag soveel mense daar sou woon nie.

Jeremia 4:31 sê: "Want ek het gehoor 'n stem soos van een wat inmekaar krimp, 'n benoudheid soos van

een wat die eerste keer baar, die stem van die dogter van Sion; sy hyg na asem, sy brei haar hande uit en sê: Wee my tog, want my siel is magteloos teenoor die moordenaars.” Ons mense word op die plase en in die stede vermoor, maar ‘n groot gedeelte van ons as Boervolk het bewys dat ons ‘n volk op ons eie wil wees, ‘n Godvresende volk, een wat by die Almagtige skuiling soek en daarom sal ons deur die geboortepyne moet gaan voordat ons werklik as ‘n volk herbore sal wees.

Jesaja 62:11 sê dat God hierdie geroep van pyn tot aan die einde van die aarde hoor, maar ook dat Hy beloning het vir die dogter van Sion. In Jesaja 52:2 roep die profeet na die dogter van Sion om die bande om haar hals los te maak, want sy is ‘n gevangene. Dis ‘n oproep tot aksie. Ons moet die juk afgooi en opstaan vir wat reg is, ons sal moet veg en met God se hulp sal ons oorwin.

Daarna sal die gejubel kom en die vrede.

Baie mense skop teen wat Johanna Brandt gesê het – dat ons Messias tussen ons gaan kom woon en met ‘n ysterstaf regeer, maar Miga 4:8 sê: “En jy, Skaapstoring, Heuwel van die dogter van Sion, na jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die koningskap vir die dogter van Jerusalem.” (Skaaptoring = Migdol, die plek in ons land waarvan Siener gepraat het.)

Saggaria stel dit nog duideliker in hoofstuk 2:10: “Jubel, en wees bly, o dogter van Sion! Want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, spreek die HERE.”

Is u gereed om die soort lewe te lei wat ons Messias dán van u gaan verwag? Dit sal ‘n lewe wees waarin die persoonlike EK nie meer eerste sal staan nie, een waarin daar nie rykdom versamel gaan word nie en waar selfsugtigheid en eiebelang op die agtergrond gaan skuif. U sal daaraan gewoon moet raak om slegs uit te reik na mense van u eie volk, blankes, en nie bekommerd wees oor wat die swartes en ander

nasies oorkom nie. God se Wette sal gehoorsaam moet word en onthou – Hy ken elkeen se gedagtes en hart. Jy kan Hom nie kul nie.

PROFESIEË OOR DIE DERDE WÊRELDORLOG



Deur die afgelope eeue was daar talle mense wat profesieë oor die begin en einde van die Derde Wêreldoorlog gemaak het. Ons plaas ‘n paar daarvan.

Sepp Wudy, ‘n plaaswerker, het onder andere gesê: “Met die verval van geloof gaan alles afdraand en alles raak verwarrend. Niemand sien meer helder en duidelik nie. Die elite glo alreeds niks, die massas sal mal gemaak word. In die kerk speel hulle dansmusiek en die pastoor sal daarop sing. Dan dans hulle ook, maar buite sal daar ‘n hemelse teken wees wat die begin aankondig van groot onheil. Daar sal ‘n helderheid in die noorde wees soos wat nog nooit gesien is nie en dan sal die vuur oral rondom opkom. (Dit kan verwys na Nibiru)

In 1970 het ‘n Suster van die Queen Brigitte Orde in Rome geprofeteer dat die Derde Wêreldoorlog sal begin ‘n paar dae na die moord op ‘n leier in die

sektor van Joegoeslawië-Hongarye. en in 1949 het Broeder Adam in Wuerzburg geprofeteer dat die oorlog in die suidooste sal uitbreek, maar dat dit net oëverblindery sal wees. Die hoofaanval sal eers teen Swede, Noorweë en Denemarke wees.

Anton Johansen van Swede het ook in sy leeftyd (1855-1909) voorspel hoe die Derde Wêreldoorlog sal begin en verloop. Hy het gesê dat die Derde Wêreldoorlog sal uitbreek aan die einde van Julie begin Augustus, maar hy het nie die jaar geken nie.

Josef Kugelbeer het weer gesê: “Die onheil sal baie skielik uit Rusland kom. Daar sal oral vernietiging wees. Die Ryngebiede sal vernietig word deur lugaanvalle en invallende krygsmagte.”

Wuerzburg sê weer dat terselfdertyd sal Rusland deur Wes-Pruise, Saxonië en Turingia na die Ryn stu om te kyk of hulle beheer oor Calais en die kanaalkus kan verkry. In die suide sal die Russiese weermag by dié van Joegoeslawië aansluit. Hulle krygsmagte sal saamstaan om in Griekeland en Italië deur te breek waar daar ‘n bloedbad gaan wees.

Daarna sal hulle voertmarsjeer na Spanje en Frankryk tot by die Atlantiese oseaan waar hulle wil aansluit by die krygsmag wat nog in die noorde veg en so die militêre omsingeling van die Europese hoofland te voltooi.

Siener van Rensburg het gesê hulle sal kom tot by die Spaanse grens waar die Amerikaners, wat eers weggehardloop het, hulle sal help stuit en so keer dat Europa omsingel word.

Wuerzburg voorspel dat die Russiese magte gesteur sal word waar hulle hulleself probeer ingrawe by Bamberg en opmarsjeer na die suide. Die krygsmag val vinnig uitmekaar toe ‘n groot monarg wat deur God opgewek is in die noorde by Niederrhein die Russe oorrumpel met die mees moderne wapens.

Die siener van Vorarlberg, Josef Kugelbeer, het in 1922 oor hierdie laaste, groot oorlog gesê:

“Soos weerlig uit ‘n helder lug sal die rewolusie van Rusland eers deur Duitsland vee, dan Frankryk, Italië en Engeland.” Hy sê ook wat die gevolge vir die mense sal inhou: “Massa hongersnood en honger, mense sal die bas van bome maal vir meel; en die gras op die velde sal as voedsel dien.”

Josef Stockert het in 1947 gesê: “Tenks rol oor Duitsland. Hierdie tenks kom uit die Ooste en sal met groot spoed na die Weste dwing. Waar daar hindernisse in hulle pad geplaas word, maak hulle alles gelyk met die grond. In drie speerpunte trek hulle na die Weste (Irlmaier het dit ook gesê), al langs die Noordsee, na Sentraal-Duitsland en in die suide al langs die Alpe.

“In Frankryk sal die paaie geblokkeer wees deur vlugtende mense en karre wat nie vorentoe of agtertoe kan gaan nie. Mans en vroue word deur die vyandige krygsmag misbruik. Dié wat weier, word geskiet. Voedsel en elke ander ding wat die weermag nodig het, word van die bevolking gevat.

“Die tenkroepe van die Russe sal tot by die Ryn kom. Die hele land sal vol vreemde soldate wees wat vroue ongehinderd moor en verkrag. Die mense sal geen eiendom of enigets anders besit nie. Baie sal nie ‘n huis hê nie en sal in wegkruipplekke moet bly.”

Prokop, die veewagter in die woud by Zwiesel (1887-1965) het gesê hy sien die wind bring vuur en al die bome brand soos vuurhoutjies. ‘n Ander keer het hy gesien alles is in verval, geen mens en geen huis was sigbaar nie, net ruïnes en puinhope. “Weer en weer het die wolke gekom, vuurrooi, dit het geblits, maar daar was geen donderweer.”

Hy sê hy sien iemand in ‘n straat afloop met ‘n brandende tak en hy skreeu: “Is ek werklik die laaste een? Is ek steeds die enigste een?” (Vgl Die Boek van Es-

dras waarin hyb sê “’n Mens sal begeer om ‘n ander se stem te hoor, maar daar sal niemand wees nie.”)

“Weer het die lug geel geword soos ‘n suurlemoen soos wat dit laag hang op die horison. Geen voël het gesing nie en ek kon geen water vind nie ... Dit móés op hierdie manier gekom het, want die mense glo in niks. Dit lyk asof elkeen dink dat hy vir ewig sal leef en almal dink aan wat hy is en steeds nog kan word. Daar sal ‘n tyd kom wanneer hulle almal sal mal word en dink dat hulle kan leef van slimmigheid en nie van werk nie. Dié wat werk sal minder en minder word en dié wat teer op dié wat werk, sal meer en meer getalryk raak.” (Ons ervaar dit nou reeds.)

Sepp Wudy was ‘n plaasarbeider wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneuwel het. Hy het ‘n visioen gehad van ‘n laaste, verskriklike oorlog. Daaroor het hy die volgende gesê: “Hierdie laaste oorlog gaan baie erger wees as die vorige een. Om te weet wanneer die tyd daar is (vir die oorlog): Jy sal van jou huis af met jou neef in Wenen kan praat en as jy hom vinnig nodig het, kan hy binne ‘n uur by jou wees.

“Die Boheemse woude sal eendag soos ‘n droë strooiskuur brand. Moenie weghardloop wanneer die grys voëls vlieg nie. As jy dit sien, weet dan dat die einde naby is en dat dit reeds begin het.” Irlmaier het gepraat van ‘n geel poeier wat in die lug vrygelaat word en wat mense binne sekondes laat sterf. Hulle lyke word dan pikswart met geel vlekke. Wudy het ook daarvan gepraat, maar hy het dit anders beskryf: “Jy sal ‘n maaltyd voor jou hê, maar dit nie kan eet nie want dit sal jou doodmaak; en jy sal water hê en dit nie kan drink nie, want dit sal ook die dood beteken. Die lug vreet in die vel in soos ‘n gif. Vlug na die grotte in die berge en wag tot dit verby is. As jy jou hare verloor, dan het die dood jou gekry.

“As geen uil meer roep nie en die hase na die huis kom en inmeakaarsak, gaan weg van die water. Vertel dit aan julle kinders en kleinkinders, want hulle sal dit persoonlik ervaar en die res van die gruwels moet

deurmaak. Mense sal toenemend sleg en goddeloos word, dus móét dinge tot ‘n punt gedryf word.”

Muehlhiasl van Apoig (1753 - 1830) het die volgende oor die Derde Wêreldoorlog gesê: “Die Rooies sal op die nuwe paaie aankom, maar hulle kom nie oor die Donau nie. Dit sal uit die ooste kom en eindig in die weste en dit sal die totale vernietiger wees. Dit sal nie lank duur nie. Niks en niemand kan daardie mense help wat in die oorlog betrokke is nie, en daar sal baie bloed en lyke wees. Die oorlog sal nie verby wees voordat die doodsvöëls (vliegtuie) ophou vlieg nie.”

Anton Johansson van Swede (1858-1909) het die volgende voorspel: “Nuwe siektes sal as wapens gebruik word en veroorsaak dat 25 miljoen mense sterf. Persië en Turkye sal deur die Russiese krygsmag verower word. Rewolusionêres sal onrus en oorlog in Indië en Egipte aanstig om die beset van Indië en Europa te fasiliteer.”

Verder ook: “Rusland sal die Balkans verower. Daar sal groot verwoesting in Italië wees. Die “Rooi Storm” sal Frankryk nader deur Hongarye, Oostenryk, Noord Italië en Switserland. Frankryk sal oorwin word van binne en van buite. Amerikaanse voorraad-depots sal in Russiese hande val. In Duitsland sal daar burgeroorlog wees en die Oosblok veroorsaak ‘n burgeroorlog ook in Engeland.

Rusland sal ‘n massa-aanval lei teen Amerika dus sal VSA magte verhoed word om Europa by te staan. Nuwe wapens sal ontsaglike orkane en vuurstorms in die VSA veroorsaak waar die grootste stede verwoes sal word.”

‘n Monnik van Werl in Cologne het in 1801 ‘n oorlog tussen Oos en Wes geprofeteer: “Rusland sal enorme massas soldate en Kossakke uitstuur. Hulle sal vir ‘n lang tyd veg sonder beslissende resultaat totdat hulle uiteindelik die Ryngebied bereik. Daar sal in drie dae so erg geveg word dat die water van

die Ryn rooi van die bloed sal wees.” Hy het gesê: “Wanneer daar algemene minagting vir godsdiens is, wanneer niemand meer gehoorsaam wil wees nie, wanneer die mens homself heeltemal oorgee aan sensuele genot, wanneer onregverdigheid sy klimaks bereik, sal die tyd op hande wees. Wat op die slag sal volg: Vrede sal na jou terugkeer, Duitsland; Frankryk sal sy koning herwin; die skaapwagter sal sy kudde na die kraal neem.”

Wuerzburg het gesê die oorlog sal in Duitsland eindig. Die oorblyfsel van die Russiese krygsmag sal agtervolg word tot diep in die binneland van Rusland en almal uitgewis word.

Muehlhiasl wat in die vroeë negetiende eeu geleef het, het oor die afloop van die oorlog gesê: “Hulle wat van vooraf begin, sal ‘n kerk bou en God loof. Hulle wat dit oorleef, sal vir mekaar sê: “Broer, leef jy nog?” en hulle sal mekaar groet met “Prys Jesus Christus!” Dan sê hy dat dwarsoor die wêreld ‘n vrede-tyd van ‘n duisend jaar gaan aanbreek.

Josef Naar van Bohemië het aan die begin van die agtiende eeu gesê: “Net ‘n paar mense sal die groot oorlog oorleef. Die Pilsengebied sal ‘n rol speel in die uitslag. Alles sal vernietig wees – liggaam en gees. Praag sal vernietig wees en Bohemië sal verlate wees. Mense sal van ver af kom om te kom rondkyk.”

Sepp Wudy het gesê: “Aan die einde sal (Europa) wees soos ‘n honderd jaar gelede. Dis hoe ver mense teruggegooi sal wees en daarmee sal hulle gestraf word vir hulle losbandigheid en onverantwoordelikheid. (Hy het dit in 1935 gesê en vandaar ‘n 100 jaar teruggereken).

Josef Kugelbeer het in 1922 oor die einde gesê: “Die aarde is ‘n lykeveld, soos ‘n woestyn. Mense kom stil-stil bevrees uit hulle huise. Die lyke word byme-kaargemaak op waens en in massagrafte begrawe. Nie treine of skepe werk meer nie, ook nie motors nie soos wat dit vroeë tye was. Die fabriek werk

nie, die vinnige pas van voer het gestop.”

In die 14de eeu het ‘n blinde jongman van Praag in sy profesie die einde van die oorlog geplaas op die tyd wanneer Praag slegs ‘n hoop puin is, maar sê ook dat die oorlog die kortste van almal gaan wees. Die mens sal die aarde vernietig en die aarde sal die mens vernietig. Dit sal gebeur omdat die mensdom God verlaat het en God gaan die mensdom suiwer. Wanneer mense probeer om God se plek in te neem, sal die einde naby wees. Hy noem ook dat min mense gaan terugkeer en dan begin daar ‘n nuwe era – dit sal genoem word die Goue Era.

Ek plaas hierdie gedeelte laaste:

Die Sibille van Praag het in die sewentiende eeu in ‘n profesie gepraat van duisende mense wat vries ten spyte van die hitte. Sy het ook gepraat van ‘n verskriklike orkaan wat woed oor die land en die stad. Dan sê sy: “Geelgrys stof en swaar giftige wolke neem die asem van mens en dier weg. Hradschin word aan die brand gestee en in die stad bars die mure. Vuur woed oral. Die aarde sidder, vibreer van ‘n magtige aardskudding. Diep skeure open en sluk die lewende en die dooie in. Alles sink weg in die onmeetbare swart dieptes.

“Uit Vyschrad kom ‘n ontsaglike vuurbal, klippe vlieg deur die lug en al rondom brand ‘n see van vuur. Alles wat die mensdom se ywer en arbeidsaamheid geskep het, lê in as en puin. ‘n Mens kan net die gedreun van die storm hoor. Lewe is weg. Ek sien net puin en lyke. Stadig verdwyn die wolke waar eens die trotse koepel van die katedraal was. Ek sien ‘n bloedige rooi vuurbal. Dit is verby! Praag, jou lot is vervul! Waar is jou huise, trotse stad? Hoekom oorvloei somber getye die kuste van ‘n verlate veld? Gruwelike wurms eet siel en liggaam met skrikwekkende effek. Onkruid en ruïnes en ‘n giftige wolk karakteriseer die platteland. Is dit die oes van die mens se saad (nageslag)?”

‘n Mens mag dalk nie glo in hierdie mense se profesieë nie, maar die feit bly staan dat met die vreesaanjaende wapens van vandag mag hierdie scenario's baie moontlik werklik afspeel. Miskien sal mense nou die werklike erns van die situasie besef. Ons gaan nié vakansie hou nie. Ons sal waarskynlik gejaag word en afgemaai word waar hulle ons kry. Die oorlog in Europa gaan ons raak, want ons is net so skuldig aan die redes waarom God die mensdom so te sê gaan uitdelg. Siener het gesê daar gaan min van ons oorbly en niemand kan met volkome sekerheid sê dat hy of sy heelhuids deur dit alles gaan kom nie.

Dit wat die Sibille van Praag gesê het, sluit aan by wat in die noorde verwag word wanneer Nibiru verbykom. Vuur, brandende rotse, geweldige aardskuddings, dit alles is deel van die verwoesting. Hele stede gaan uitgebrand en in puin gelê word ... en hier by ons is mense wat regmaak vir ‘n lang kampeervakansie.

Ek dink nie ons mense weet wat die woord oorlewing beteken nie. Ons sal moet leer om velle te looi, kaas te maak, wyn te brou, wol te spin en te weef ... want winkels gaan daar nie meer wees nie. Ons voer byna alles in uit veral China en as daar geen vervoer tussen ons en die lande met die fabriek is nie, gaan hier niks beskikbaar wees nie. Ons sal moet voor begin. Ons moet wakker skrik, mense!

VLOOIE

Die somer bring vlooië en bosluise. Hulle dra albei siektes oor, maar nie almal van hulle is besmet nie. Vlooië dra ‘n inasflammatoriese siekte oor wat gekenmerk word deur eers ‘n uitslag, hoofpyn, koors en kouekoors; later volg ‘n moontlikheid van artritis en neurologiese en hartprobleme. Dis beter om hulle weg te hou as om later siek mense en diere te dokter. Hier is raad.



Bestanddele

10 druppels roosmaryn-olie

7 druppels kaneel-olie

3 druppels seder-olie en

2 eetlepels soet amandelolie

Plaas al die olies in ‘n bottel en skud goed.

Om te gebruik, sit ‘n bietjie op jou handpalm, vryf jou hande saam en plaas waar jy dit ook al nodig het.

‘n Ander goeie truuk is om roos/malva-olie te gebruik. Dis ‘n goeie afweerder vir diere. Sit ‘n druppel tussen die diere se blaas en op die basis van sy stert voordat jy met hulle gaan stap.

JULLE IS MY VOLK

Die ware volksplanting het in 1657 plaasgevind toe die Duitse Lutheraanse boere, wat weens die dertigjarige oorlog na Nederland gevlug het, in die Kaap as Vryburgers aan wal stap. Die Lutherane kan, anders as die Calvinis, sy godsdienst vryelik sonder kerk in die wildernis beoefen.

Volgens Pama se Afrikaanse Familienaamboek was



7% van die name van Franse herkoms, 32% Nederlands en 55% Duits.

Die Almagtige het die land geleidelik voor die stadigmigrerende boere skoongemaak. Die gebied na die noorde het Hy laat ontruim deur die stamoorloë van die difeqane tydens die 1820's te beskik. Die haglike omstandighede as gevolg van swak bestuur deur die koloniale owerheid het uitgeloop op die migrasie uit die Kaapkolonie.

Die predikante van die tyd was almal in diens van die Britse koningshuis en daarom was hulle nie in staat om die uitgeweke Boere te vergesel nie.

Die Almagtige het dit beskik wetend dat die Boere sonder kerk sou moes gaan. Hiervan kan 'n mens net een afleiding maak: Dit was sy doel om hulle te ontkerk.

In November 1837, tydens die maand Kislew – die geboortemaand van Johannes die Doper – het Potgieter en Uys die Matabele met 'n kommando van 360 Boere die Matabele met die banvloek getref en landuit gedryf waarna die Matabele noord van die Limpopo gevestig het. Die Boere het geen ongevalle in die oorlog teen die Matabele gehad nie.

Die Matabele was nog nooit weer 'n faktor in ons geskiedenis nie.

Terwyl die oorlog teen die Matabele aan die gang was, is Retief met 'n kommando van bykans 200 man Natal toe om met Dingaan te onderhandel oor vestiging in Natal tussen die Tugela- en die Umzimvuburiviere. Op 7 Februarie 1838 is Retief met 60 vrywilligers en vier jong seuns deur die Zoeloes vermoor.

Vandag sit ons met 'n Zoeloe-president oor ons.

Hoe hard moet die Almagtige met ons praat voor ons gaan luister?

Nadat die uitgeweke Boere (só is na hulle verwys in die Kaapse koerant van die tyd) versterkings vanoor die hele Suid-Afrika gewerf het, wou hulle in November 1838 Andries Pretorius eenparig as leier oor die kommando aanstel. Hy het die aanstelling van die hand gewys en daarop aangedring dat die lot gewerp word tussen al ses kommandante teenwoordig. Die lot het Pretorius uitgewys as hoofkommandant.

Die Almagtige het hom oor die Boerekommando aangestel, nie die Boere self nie.

Die strafveldtog het amptelik op Maandag 3 Desember 1838 begin toe die kommando hulle staanplek by die kop Thala verlaat het om die Zoeloes by Dingaanstat aan te val. Hulle het op die noordoewer van die Tugela langs getrek. Die kontrei waar hulle hul toe bevind, sou tydens 'n geveg tot die Zoeloes se voordeel gestrek het.

Sondagoggend 9 Desember 1838 het Pretorius die drie man wat die oggenddiens tydens die drie byeenkomste sou lei (daar was 462 man in die kommando) voor die aanvang van die diens na sy tent ontbied.

Tydens hierdie vergadering het hy die wens uitgespreek dat, indien almal inwillig, hulle 'n gelofte aan die Almagtige doen dat as Hy aan hulle die oorwinning teen die vyand skenk hulle 'n Huis ter gedagtenis van sy groot Naam sal stig waar dit Homs sal behaag en dat hulle 'n ernstige smeekbede tot hom moet rig om sy hulp en bystand om hierdie gelofte verseker te kan volbring.

Hieruit volg dit ook dat 9 Desember geloftedag is en nie 16 Desember nie.

Wat is 16 Desember dan? sal u vra. Ons kom daarby.

In die daarop volgende week is die voortgang van die kommando deur allerhande ongewone gebeur-



enisse sodanig verdraag dat die botsing met die Zoeloes eers op 16 Desember kon plaasvind. Teen die aand van Saterdag 15 Desember is die gelofte 7 keer afgelê en daardeur met 'n eed verseël waardeur die Almagtige die uitgeweke Boere vir ewig onlosmaaklik gebring het in die band van die verbond. Hierdie gebeurtenis staan geprofeteer saam met die groot emigrasie uit die Kaapkolonie en die godsdiens oorloë in Europa wat gelei het tot ons volk se vestiging op Suid-Afrikaanse bodem in Esegiël 20: 33-38.

By Bloukrans het die Zoeloes teen drieur die oggend aangeval uit die ooste. Die landskap voor hulle was verlig terwyl hulle in donkerte gehul was – onmoontlike teikens vir skutters.

Op 16 Desember 1838 was donkermaan kort ná midernag. Saterdag nag was derhalwe maanloos – tot die Zoeloes se voordeel as hulle net met assegaie bewapen was. Ongelukkig was etlike honderde, soos die Boere, toegerus met vuurwapens en daarom het hulle eers teen dagbreek aangeval.

Ten spyte hiervan het “ruim meer as drie duisend Zoeloes geneuwel” terwyl net drie man aan Boere kant gewond is – twee terwyl hulle handgemeen met Zoeloes was.

Dit was nie die Boere wat by Bloedrivier die oorwinning oor die Zoeloe-mag behaal het nie, dit was die hemelse leëskare van God die Almagtige.

En met hierdie wonderbaarlike gebeurtenis het Hy hulle aanbod van kontrak, die gelofte, aanvaar en hulle gebring in die band van verbond nadat Hy hulle met die emigrasie uit die Kolonie en die kerk onder die herderstaf laat deurgaen het. Ons, hulle nasate, staan gebind onder hierdie verbond waarvan die kern is “En Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir my 'n volk wees”. Ons staan ook onder die wet op die tiende van die vee opgeteken in Levitikus 27: 32-33 – ons is sy offerkudde.

16 Desember is derhalwe Verbondsdag en die Boervolk is 'n Verbondsvolk, nie 'n Geloftevolk nie.

Die Kerk is dienaars van die vader van die leuen. Waar in die skrif staan die opdrag dat een persoon 'n ander persoon se gelofte gestand moet doen? Die persoon wat die gelofte doen, moet dit self eerbiedig as die Almagtige sy gelofte aanvaar het.

Elf dae ná die slag van Bloedrivier op 27 Desember het die kommando onder leiding van Pretorius in die Opatikloof afgesak agter “beeste” aan. Op pad ondertoe het die wond in Pretorius se linkerhand wat hy opgedoen het by Bloedrivier as gevolg van die onweer sodanig begin pyn dat hy moes omdraai. Hy het die bevel aan die tweede in bevel, kommandant Landman oorhandig. Onder gekom, was hulle skielik omsingel deur die meer as 5,000 Zoeloes wat onder hulle skilde geskuil het.

Na 'n vluggende geveg al met die Wit Umfoloos op wat bykans nege uur geduur het, het 'n klompie man in die laaste van vele driewe in welsand vasgeval, van die Zoeloes het tussen hulle ingekom en elf man aan Boere kant het gesneuwel: 1 Engelsman, 5 van sy Zoeloe-aanhangers en 5 Boere. Die getal 155 saam met die jaar 1838 dui op 1993 – die laaste jaar van blanke bewind in Suid-Afrika.

'n Waarskuwing dat as hierdie klein volkie sou terugkeer na die tweede in bevel, die Kerk, God Hom aan hulle sou onttrek en oorlaat aan hulle lot. En ons is wel deeglik in strafgerig.

Onmiddellik na afloop van die strafekspedisie het die emigrante die Kerk in die kolonie begin versoek om predikante na die noorde te stuur om hulle in die huwelik te bevestig, hulle kinders te doop en hulle te begrawe – al die mites waarmee die Kerk mense breinspoel om hulle in sy mag te hou.

Kort nadat die eerste predikant uit die suide sy verskyning noord van die Oranje rivier gemaak het –



hy het sy eerste diens ingelui met 'n gebed vir die Britse koningin – is die Transoranje deur Brittanje tot kroonkolonie geannekseer.

'n Verdere getuie vir die ongewensheid van die Kerk is die Eerste Vryheidsoorlog.

Drie maande voor die Desember-byeenkoms by Paardekraal het die ZAR die predikante van al drie die kerke genooi om die volk te kom ondersteun in die moeilike stryd op hande. Net een leraar, Van Warmelo, het in sy private hoedanigheid opgedaag.

Die gevolg was dat die Transvaalse Boere by Paardekraal as volk onder eed aan mekaar beloof het met die Almagtige as hulle getuie om tot die dood toe te werk vir die herwinning van die verlore vryheid van hulle republiek. Hierdie onderneming as volk is gevolg deur vier wonderbaarlike oorwinnings met as klimaks die slag van Majuba. Ten spyte van die feit dat 'n Britse troepemag van 20,000 ter see op pad was om die troepe in die Transvaal te kom versterk het die Britte vrede beding.

Die wonderbaarlike oorwinnings ten spyte het die Boere van Transvaal sonder weerstand die Pretoria-konvensie waarvan artikel 26 die Transvaal se grense vir alle Britse onderdane oopgemaak en artikel 16 godsdienstvryheid ingestel het, in 1881 aanvaar en geteken.

In 1882 is die eerste Hindoe-gemeente by Marabastad buite Pretoria gestig en die Olifantkopgod en Aapkopgod van die Hindoes is in Boere-gebied toegelaat en aldus deur die Boere gelykgestel aan die lewende God.

Die Tweede Vryheidsoorlog het weggespring met een Boere sege na die ander wat gekulmineer het in die Britse pers se "Black Week".

Op 27 Februarie 1990, presies 19 jaar ná die slag van Amajuba het Cronjé by Paardeberg oorgegee met

4,000 man, terselfdertyd het 'n tweede kommando ook oorgegee met 'n soortgelyke mannekrag en die Britse leer in Natal het by die Tugela deurgebreek – al drie op een dag.

Hierna het die Boere 'n weghol-oorlog geveg en uiteindelik oorgegee by Vereeniging nadat die Boere Republieke deur die Britse Ryk tot kroonkolonies geannekseer het. Die hele wêreld het hierdie klein volkie met respek leer ken as die Boervolk.

Dit was met die uitgeweke Boere dat die Almagtige op 16 Desember 'n verbond geluit het dat hulle vir Hom 'n volk sal wees. In aanloop tot die rebellie in 1914 het hulle in 'n amptelike dokument na hulself verwys as die Hollandse-Zuid-Afrikaanse volk van de Oranje Vrijstaat en Transvaal.

Ten spyte van die feit dat ons Messias volgens Johannes na sy hemelse Vader verwys as die Boer word hierdie identiteit deur duisende mense in ons geleedere sodanig geminag dat hulle dit of uit en uit verwerp of, so nie, dit afwater met Afrikaner-Boer of Boere-Afrikaner.

Net nog dit. Die slag het nie plaasgevind by die tradisioneel erkende "Bloedriver-terrein" nie maar iewers ongeveer 65 kilometer na die suid-ooste.

Die terrein waar die geveg plaasgevind het, is heilige grond as gevolg van al die bloed wat daar gegiet is om die verbond te verseël. God het nie toegelaat dat dit onheilig word soos Hy geweet het onvermydelik sou wees nie – Schalk Jacobsz

VIR DIE EER VAN ONS VROUE EN KINDERS



In Mei 1913 het die Kleinfonteinmyn op die Rand met drastiese besnoeiings van blanke arbeiders begin. Die werkers het dit teen gestaan en nadat hul versoeke verwerp is, het hulle begin staak.

Op 4 Julie word 'n vergadering van die blanke mynwerkers onwettig verklaar en is hulle deur Louis Botha-regeringstroepe uitmekaargejaag, waarna hulle die kartore van die Star en 'n gedeelte van die stasie afgebrand het.

Die volgende dag vergader groepies werkers voor die Rand Club in Johannesburg — die simbool van kapitalistiese weelde en hooghartigheid.

Sonder enige waarskuwing het die regeringstroepe op die werkers begin skiet en talle gedood en gewond, waaronder ook 'n paar vroue en kinders.

'n Drie-en-twintigjarige Boerseun, Hannes Labuschage, het hierop tussen die mense deurgedruk en voor die troepe in die straat gaan straan, sy hemp oopgeskeur en hard geskree: "Moenie vroue en kinders skiet nie — skiet 'n man!" Waarna een van die troepe hom in die hart geskiet het.

ONS BABAS IN NOOD

Lezelle Klopper Slabber is 'n jong vrou van Rustenburg, met 'n groot hart en baie liefde vir haar medevolksgenote se babas. "Hulle is tog die toekoms van ons volk," sê sy, "en daarom het ons 'n plig om na hulle om te sien." Sy vertel dat sommige mammas hulle babas net water gee om hul honger magies te stil, omdat daar nie geld vir melk en babakos is nie — komberse word opgesny vir doeke.

Hierdie nood onder ons jong moeders wie se mans geen inkomste het nie, was die dryfeer wat Lezelle laat besluit het om ANGELS4BABIES in Rustenburg te begin. Sy en haar mede-engele sien tans om na 14 babas, van pasgebore tot twee jaar. Voorlopig kry sy net hulp van Living Waters Foundation (hulle is op Face Book). Kom ons staan saam en help hierdie kleintjies met kos, doeke ens.

Die bankbesonderhede is: ABSA, Rekening Nr. 408 493 6370, Takkode 632 005. Adres: Posbus 991, Rustenburg 0300. Telefoonnommer 082 566 8791.



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za